



LETABA BOSVELD JAGTERSVERENIGING SKIETBAAN

VEILIGHEIDSREËLS VAN HIERDIE SKIETBAAN

1. Geen ammunisie word in vuurwapens toegelaat nie tensy die skut op die skietpunt deur die Baanoffisier opdrag gegee word om te laai.
2. Alle vuurwapens sal, behalwe op die skietpunt, sigbaar veilig wees, d.w.s.
 - a.) Geweerslotte moet oop wees
 - b.) Haelgewere moet oop wees of die aksie teruggeskuif
 - c.) Pistoollaksies moet oopgeskuif wees
 - d.) Rewolwersilinders moet oop weestensy die vuurwapen in 'n sak of holster doelgemaak vir so 'n wapen is
3. Skuts mag hulle posisie op die skietpunt verlaat slegs nadat alle skuts op die skietpunt hulle wapens "Veilig" verklaar het.
4. Vuurwapenlope moet te alle tye in 'n veilige rigting en weg van mense wys
5. Beskou alle vuurwapens as gelaai
6. Enige vuurwapen mag slegs in die rigting van die skietwal afgevuur word
7. Daar mag slegs op teikens geskiet word wat voor hierdie skietwal geplaas is
8. Geen alkohol word op die skietbaan toegelaat nie. Die skietbaanoffisiere behou die reg voor om enige persoon wat hierdie reël oortree of sigbaar onder die invloed van drank verkeer, summier te verbied op die skietbaan (die skietbaanoffisier se oordeel en bevel sal in so 'n geval as finaal beskou word).
9. Slegs vuurwapens wat in 'n goeie toestand is en met die korrekte ammunisie gelaai is, mag op die skietbaan afgevuur word.
10. Enige persoon onder die ouderdom van 21 jaar wat 'n vuurwapen wil gebruik, mag dit slegs doen onder die direkte toesig en beheer van die eienaar van die vuurwapen of 'n baanoffisier
11. Vuurwapens mag slegs afgevuur word vanaf die aangewese skietpunte, nooit van of voor of agter hierdie skietpunte nie.
12. Die 200 meter en 300 meter skietpunte mag slegs gebruik word wanneer al die ander skietbane en skietpunte (uitgesluit die windbuks skietbaan) ontruim is.
13. Wanneer vuurwapens gelaai of ontlaai word, moet die loop altyd in die rigting van die skietwal wys.
14. Wanneer 'n vuurwapen 'n storing ondervind word, moet 'n hand opgesteek word terwyl die loop van die vuurwapen steeds in die rigting van die skietwal wys.
15. Wanneer 'n Baanoffisier die bevel "Staak vuur" gee, moet alle vuurwapens onmiddelik ontlaai word.
16. Jong kinders mag slegs op die skietbaan kom wanneer hulle onder die direkte toesig en beheer van hulle ouers of voogde is.
17. Geen persoon mag die skietbaan gebruik tensy die rooi vlac op die voorgeskrewe posisies aangebring is nie.
18. Geen persoon mag hierdie skietbaan gebruik tensy hy/sy vertrou is met hierdie skietbaanreëls is nie.

OP LAS : VOORSITTER